Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Eksamenadministrasie
Sertifisering & Verifikasies

Verwysing: 20200903-7832
Lêerno.: 13/16/1/2
Navrae: W Gordon

Eksamenadministrasieminuut: 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distriks-kantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoof-onderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en Eksamen-koördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen voorberei

Onderwerp: Terugbesorging van onopgeëiste NSS-sertifikate van vorige jare (vanaf 1992 tot 2018)

1. Alle rolspelers, ingeslote prinsipale van hoërskole/sekondêre skole, sowel as bestuurders van gemeenskapsleersentrums, moet asseblief van die volgende kennis neem:

    a) Alle onopgeëiste sertifikate moet opgespoor en ná 'n tydperk van twaalf maande vanaf die ontvangsdatum deur die sentrums aan Hoofkantoor terugbesorg word.

    b) Sertifikate ten opsigte van die November 2018-eksamen, wat gedurende 2019 uitgereik is, moet teen nie later nie as 30 Oktober 2020 aan Hoofkantoor terugbesorg word. Hierdie proses moet jaarliks herhaal word.

2. Onopgeëiste sertifikate sal vir 'n tydperk van drie jaar by Hoofkantoor op 'n veilige plek bewaar word ingeval die kandidaat dit moontlik wil afhaal. As sertifikate nie binne die driejaartydperk opgeëis word nie, sal dit vernietig word.

3. Benewens die bogenoemde, moet die betrokke rolspelers ook aan die regulasies, beleide en Umalusi-voorskrifte met betrekking tot die volgende voldoen:

    a) Een jaar ná sertifikate aan skole uitgereik is, moet die onopgeëiste aan Hoofkantoor terugbesorg word.

    b) Sertifikate moet te alle tye as uiters waardevol hanteer en veilig gestoor word.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2961 Faks: +27 21 461 5637
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

c) Kandidate moet in kennis gestel word wanneer sertifikate vir afhaal gereed is en die verspreiding moet noukeurig in veilige toestande plaasvind.

4. Skole word versoek om onopgeëiste sertifikate duidelik te merk en aan Hoofkantoor terug te besorg. Kyk hieronder:

ONOPGEËISTE SERTIFIKATE VIR AANDAG:
Mnr Werner Gordon
Direktoraat: Eksamens
5de Vloer, Kamer 503
Grand Central-gebou
Laer Pleinstraat
KAAPSTAD
8001

5. 'n Terugbesorgingsbewys is hierby aangeheg en moet deur die skool voltooi word om te bevestig dat alle sertifikate vir die vermelde jare verwyder en aan Hoofkantoor terugbesorg is.

6. Navrae rakende die terugbesorging van onopgeëiste sertifikate kan gerig word aan mnr Werner Gordon by e-posadres: Werner.Gordon@westerncape.gov.za of faksnommer: 021 461 5637.

7. U samewerking in hierdie verband word opreg waardeer.

GETEKEN: T SINGH
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-09-04